MEDIA VRYSTELLING

Vleissentraal/SA Stamboek ELITE

Bulgroeitoetsklas: 30 April 2018, Bloemskou

Vleissentraal en SA Stamboek is trots daarop dat die wiele reeds aan die rol gesit is vir die 2018 ELITE Bulgroeitoets-klas tydens Bloemskou. Daar sal uitgebou word op die trotse suksesse van die verlede en die impak wat dit op die stoetbedryf het.

Vleissentraal en SA Stamboek wil graag weer erkenning gee aan Vleisbees-Stoetboere wat hulle verbind aan noukeurige en nougesette aantekening van ekonomies-belangrike eienskappe en die gebruik van teelwaardes vir seleksie. Verder erken beide instansies ook die belangrikheid van funksionele bouvorm en die platvorm wat die jaarlikse ELITE Bulgroeiklas daarstel vir bewusmaking hiervan.

Die prosedure wat gevolg word vir die 2018 Vleissentraal/SA Stamboek Bulgroeitoetsklas is soos volg:

- Bulle wat aan sentrale- en plaasgroeitoetse deelgeneem het kom in aanmerking vir inskrywing. SA Stamboek het reeds ’n lys van bulle wat aan die minimum vereistes voldoen het aan al die betrokke Telersgenootskappe verskaf.
- Elke Telersgenootskap voer dus ’n vrye keuse uit om ’n geskikte bul van sy ras te nomineer wat ’n kans staan om, op grond van visuele voorkoms en goeie prestasiesyfers, as wenner uit die stryd te tree.
- Die prosedures en reëls ten tye van die beoordeling by Bloemskou sal soos volg plaasvind:
    - Al die bulle word deur die span van drie beoordelaars geassesseer na hulle goeddunke.
    - Die beoordelaars het vrye keuse om, uit die bulle in die klas, dan presies vyf bulle te kies wat 'n moontlike kans staan om as uiteindelike wenner aangewys te word. Hierdie vyf bulle ontvang elkeen 'n roset van Vleissentraal wat aandui dat hulle in die top vyf geplaas is.
    - Hierna oorweeg die beoordelaars slegs 'n moontlike wenner of wenners uit die gekose vyf bulle.
    - Die beoordelaars het 'n keuse om uit die betrokke vyf bulle 'n keuse uit te oefen om tussen een tot ’n maksimum van drie bulle te kies om as wenner aangewys te word op grond van prestasiedata en teelwaardes, soos deur SA Stamboek bepaal sal word. Die keuse berus dus by die beoordelaars oor hoeveel bulle onderwerp moet word aan die prestasie-plasing. Sou hulle byvoorbeeld besluit dat net een bul ’n waardige wenner moet wees, kies hulle slegs een bul uit die vyf en die bul is dan die algehele wenner. Waar twee of drie bulle aangewys word sal die prestasie, in kombinasie met die BLUP teelwaardes die wenner bepaal.

Beide Vleissentraal en SA Stamboek stel hulle self ten doel om die geleentheid te bied vir Stoettelers om die beste van die beste ten toon te stel en Stoettelers en Kommersiële vleisbeesprodusente bewus te maak van die voordele van objektiewe meting en funksionele bouvorm van potensiële kuddevaders en die impak wat hulle maak in ekonomiese rooivleisproduksie.

Gesamentlik uitgereik op 1 November 2017 deur:

Anton Vos
Besturende Direkteur: Vleissentraal

Japie van der Westhuizen
Hoofbestuurder: SA Stamboek